

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal Wes  
20 Mei 1978

Onderwerp: Die Liefde  
Pinksterdiens 7

Lees: 1 Korinthiërs 13

Teks: 1 Korinthiërs 13

Sing: Psalm 146 verse 1 en 8  
Gesang 118 vers 4

“Vanaand gaan dit oor 1 Korinthiërs 13, die bekende boodskap oor die liefde.

“Van ouds af was daar ’n probleem oor die betekenis van hierdie hoofstuk oor die liefde, wat aangetref word tussen 1 Korinthiërs hoofstuk 12 en hoofstuk 14. Daar is selfs uitleggers wat meen dat Paulus dit later geskryf het en dat dit per ongeluk in Paulus se preek oor die gawes ingevoeg is. Maar dit is nie die waarheid nie. Ons het hier te doen met ’n tipiese Griekse denkwys, naamlik om die sentrale gedagte in die middel te stel.

“Só gesien, is die lied oor die liefde Paulus se sentrale gedagte in sy redenering oor die gawes van die Heilige Gees.

“Broers en Susters, het u al die ervaring gehad dat ’n deel van die Skrif wat vir u oorbekend is, skielik ’n nuwe betekenis gekry het toe u dit van naderby beskou het?

“Ek het die indruk dat baie hierdie wonderlike liefdeslied verkeerd verstaan. Ék het dit verkeerd verstaan totdat ek die verband waarin dit staan, ondersoek het.

“Paulus beskryf hier die gawes van die Heilige Gees, wat nutteloos is as hulle sonder liefde uitgevoer word. Dit kan die indruk skep dat die gawes minderwaardig is en plek moet maak vir die liefde.

“Maar wat is die funksie van die liefde hier? Is dit ’n alternatief? Sê Paulus: julle hoef nie so erg oor die gawes begaan te wees nie. As julle nie in die gawes belangstel nie, is daar iets anders wat veel belangriker is, wat beter is as die gawes en dit is die liefde? Is dit wat Paulus wil sê? Kom ons kyk.

“Dit is opvallend dat Paulus in vers 1 met die gawes begin: ‘Al sou ek die tale van mense en engele spreek ...’

“Is Paulus nie dalk hier sarkasties met die mense in Korinthe wat die spreek in tale so hoog aangeslaan het nie?

“Nee, Broers en Susters, wat die Apostel wil sê, is dat die liefde nie ’n alternatief vir die gawes is nie, maar dat al die gawes waarde sal hê as dit in liefde beoefen word. Hy wil dus sê dat die gawes tot nut in die opbou van die gemeente sal wees, as dit in liefde geskied. En hierdie liefde kom van die Heilige Gees.

“In die volgende verse leer die Apostel ons hoe die liefde in die gemeente optree. Eintlik personifiseer hy die liefde hier. ’n Mens kan ook elke keer in plaas van ‘liefde’ lees: ‘die een wat lief het’.

“Paulus skryf: ‘Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, handel nie onweloweglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie, is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.’ (1 Kor 13:4-7)

“Die een wat lief het, sal dus vriendelik en lankmoedig wees - nie jaloers nie, nie grootpraterig nie. Paulus begin juis met hierdie twee kenmerke om duidelik te maak watter liefde hier ter sprake is. Dit gaan nie oor die huweliksliefde nie, maar oor die liefde as vrug van die Heilige Gees.

“Broers en Susters, bogenoemde eienskappe is twee pragtige eienskappe van die persoon wat lief het. Om lankmoedig te wees, beteken om geduldig te wees.

“Ag u weet, ons kan so ongeduldig raak. As die man voor ons nie gesien het die robot slaan oor nie, dan lê ons onmiddelik op die toeter. Ons kan nie wag nie. Ons kan nie in die tou staan nie.

“Hierteenoor is hy wat lief het, geduldig.

“Maar geduld kan ook verkeerd beoefen word. As ek in die motor vir my vrou moet wag, hou ek my in soos dit ’n goeie Christen betaam. Maar as sy later terugkom, dan sit ek dikmond eenkant en sê nie ’n woord nie, want ’n Christen moet geduldig wees.

“Die Apostel sê hy wat lief het, is geduldig op ’n vriendelike wyse.

“Die liefde waarvan Paulus hier skryf, is die liefde wat ’n gawe is van die Heilige Gees. Daarsonder kan niemand tot eer van God leef nie. ’n Mens kan sonder bepaalde gawes tot eer van God leef, maar nie sonder die liefde wat lankmoedig en vriendelik is nie.

“In verse 4 tot 7 skryf Paulus hoe die liefde in verband met die gawes moet funksioneer. In die gemeente, waar elkeen mag bid oor die besonderse diens wat hy tot opbou van die gemeente mag lewer, sal die liefde nie jaloers wees nie. Dit beteken dat hy wat lief het, nie afgunstig sal wees oor ’n ander se gawes nie.

“Dit was nie só in Korinthe nie. Dié wat in tale kon spreek en dit verhef het, het die ander ongemaklik laat voel; en dit kan selfs wees dat hulle jaloers was daarop. En hulle wat die gawe besit het, het begin groot praat. Hulle was opgeblase.

“Só mag dit nie wees nie.

“Ons kan vanaand net op enkele eienskappe van die liefde ingaan:

“Die liefde ‘reken die kwaad nie toe nie’. (1 Kor 13:5) Die Apostel sê die liefde maak nie somme nie. Dit beteken dat as iemand kwaad gedoen het, óf onreg gepleeg het, die een wat lief het dit nie gaan onthou nie. As ons lief het, sal ons nie kwaad vir kwaad vergeld nie. Die liefde kan nie boekhou nie. Broers en Susters, ons kan die HERE daarvoor dank.

“Maar waar kry die liefde hierdie eienskap?

“By die HERE self.

“God het in Jesus Christus die wêreld met Homself versoen en Hy reken hulle, hul misdade nie toe nie. In Jesus Christus het ons vergifnis vir al ons sondes en is dit uitgewis. Wie Jesus Christus as sy Verlosser vertrou, het by God ’n skoon boek.

“Ons moet wegkom van die gedagte dat God boekhou van ons sondes; en ons moet nie ons kinders daarmee dreig nie.

“Nee, God hou nie boek nie. Hy het in Jesus Christus alles uitgegee. Hierdie soort liefde wat God het, gee die Heilige Gees aan elke gelowige, sodat ons ook kan vergewe en vergeet.

“Sal ons mekaar só liefhê? Is daar iemand in die gemeente wat jou al dikwels seergemaak het? Sal jy kan aanleer om nie van sy sondes boek te hou nie?

“In vers 6 is geskryf die liefde ‘is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid.’ Dit is ’n ongewone uitdrukking. ’n Vertaling lui: ‘die liefde is nie bly as ander foute maak nie, maar as ’n ander dit regmaak.’

“Is u bly as ander foute maak; óf ’n gawe verkeerd gebruik, óf as dit op ’n mislukking uitloop? Gee dit vir u die versekering dat hulle nie beter is as u nie; en dat die Duiwel hulle ook oorwin?

“As dit só is, moet u die Heilige Gees vir liefde gaan vra. (1 Kor 13:7)

“Nog ’n kenmerk van die liefde is, ‘dit bedek alles’. Dit word dikwels verkeerd verstaan. Dit beteken nie dat die liefde alles oorsien en ongeregtigheid bedek nie. Nee, Broers and Susters, dit beteken dat hy wat lief het, alles in sy lewe ervaar onder die invloed van die liefde. Dit beteken dat ek met liefde moet reageer teenoor alles wat met my gebeur. Jy is nog téén dit wat verkeerd is, maar jy vermaan in liefde.

“Broers en Susters, is hierdie liefde in u lewe?

“As u dit soek, moenie probeer om liefdevoller te wees nie. Moenie probeer om meer te glimlag nie. Gaan na die Heilige Gees. Sy vrug in u lewe is liefde. Gee u lewe radikaal aan Hom oor. Onthou Romeine 8 vers 13: ‘... want as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe, maar as julle deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe.’ Dan dra die Heilige Gees sy vrug in u lewe in en dan gee Hy aan u liefde. As ons dan die werke van die liggaam doodmaak, sê die Apostel, sal ons lewe in ’n volle heerlike sin.

“In verse 8 tot 12 vergelyk die Apostel die liefde en gawes met mekaar met die oog op die Ewigheid. Hy skryf dat die gawes tot ’n einde sal kom, maar dat die liefde vir ewig sal voortbestaan. As Jesus kom, sal die liefde bly, want dit vergaan nimmer meer nie. Dan sal ons oorgaan in aanskouing en Hom sien - die bron van alle liefde.

“Paulus beskryf geloof, hoop en liefde as die blywende en sê: bly in die liefde, dit is die belangrikste.

“Moenie behop wees met dinge van tydelike waarde nie.

“Laat ons die liefde beoefen, wat nooit sal vergaan nie.

“Amen.”